Nou wil ek hê ons moet sê om ons mense te vra, na 8 jaar dat die gemeenskapsraad vir ons verkoop. Nou word dit gesê dat hulle ons verteenwoordigers in die verskuiwings, wie gaan die gemeenskapsraad verteenwoordig wat hulle sê Witmense sal daar wees, ek meen Koornhof sal by wees, die administrasieraad sal by wees. Nou wil ek hê ons moet oorweeg, gaan ons die gemeenskapsraad toelaat om ons te verteenwoordig? Wat by u belangrik is, sal hulle vir jou verteenwoordig of staan hulle vir die administrasieraad en Koornhof. Ons wil sien hoe hierdie mense maak. As hulle sê hy staan vir ons, dan vra ons onself hoekom het hulle van 1978 nie vir ons verteenwoordig tot vandag toe, wanneer die huurgeld op is, en hulle, en hulle is hard as jy klagtes het, nou Civic..... die moeilikhede van die woonbuurt dan sê hulle die gemeenskapsraad sal ons verteenwoordig..... Ons moet vra waar het hulle al ons verteenwoordig,

.... dat ons nie toegelaat het dat hulle ons verteenwoordig Jy moet ook weet dat ons nie toegelaat het dat hulle vir ons in die vergadering van 31ste Augustus, dan laat ons mense toe wat sal sê OK dit is reg vat ons na Pudumong

Ek dank u

HOFFMAN GALENG:

Eh ek dank u kameraad, die koerant ek wens sal by wees die volgende vergadering.

Sodat dit ten volle gesê word. Mnr Salt van die PFP het Koornhof "neus". Hy het hom gesê (mense lag) dat hy hom moet antwoord, hy sê toe vir hom Huhudi Civic Association is in die moeilikheid deur, hoekom stry julle met hulle dat mense saamstem met die gemeenskapsraad dat hulle na Pudumong toe gaan, wat sê u hieromtrent Koornhof, Koornhof. Toe sê hy nee nee is besluit is nog nie gemaak nie, eers op die 31ste Augustus, nou die gemeenskapsraad weet goed dat hulle nie vir ons kan verteenwoordig in die vergadering. Ons sê nie julle moet vir Galeng hulle of wie nie, ons sê kies mense wat van lank sukkel wat dieselfde klagtes as u het, dit moet ook nie mense wees wat ooit sal droom as hulle slaap dat dit gesê word kyk jy Galeng en Terror as julle vir ons 20,000 Swartmense bring dan gee ons vir julle 50,000 ons het dit lankal geweier, en hoe kan ons 'n persoon kies wat R50-00 betaal word, om die gemeenskap van Huhudi van 54,000 vir R50-00 dan sê hulle nog R50-00 en hy verkoop hulle kant en klaar (gehoor lag) Hoe sê julle (onhoorbaar).

As daardie koerant/brief kom sal ons vir julle almal se ouers en kinders dan sal dit van julle afhang

AMANDLA (iemand)
NGAWETHU 8gehoor)

Ek wil julle Donderdag sien, ek sal met besluite kom wat ek voel is in die belang van die volk (gemeenskap) wat ons na Koornhof moet neem. Wil

hy of nie, die vergadering van die 31ste sal nie slaag nie/sal nie gehou word nie. Ek verlaat u, ons sal later so af en toe boodskappe bring.

AMANDLA (Galeng)
NGAWETHY (gehoor)
MAYIBUYE (Galeng)
I AFRIKA (Gehoor)
WHEN (Galeng)
NOW (gehoor)
AMANDLA (Iemand)
NGAWETHU (gehoor)

Eh, ek vra die jeug vir een lied, miskien het hulle dit al gehoor, miskien hoor julle dit hier ... (onhoorbaar)

LIED: (1) (onhoorbaar) klap hande en fluit
(2) Tambo laat ons vry met Bazooka, mortier en AK laat ons vry Tambo (herhaal)

20
7/1/81

GALENG

Stilte, stilte die tyd is weg, laat ons stil bly, ek roep nou vir kameraad Aubrey Mokoena

AMANDLA - AWETHU X2
MAYIBUYE - I'AFRICA X2

An injury to one - Injury to all

Thank you, comrade Aubrey!

AUBREY MOKOENA

Aan die voorsitter, en dames en here, die jeug asook ... die sprekers wat nou net gepraat het, ek groet in die kragtige naam van vryheid,
Amandla
Ngawethu (gehoor)

Ek bring julle groete van al die mense wat saamstem met die beroep van die vrylating van ons groot leier wat Nelson Mandela is.

Ek is bly om saam met julle hier te wees, ek wil eerstens dankie sê julle leiers wat altyd julle aanmoedig totdat julle vandag hier is waar julle nou is (lag) nou is due mag/liefde.....

Amandla (iemand)

Ngawethu (gehoor)

Manne wat ons baie vertrou Galeng, Bushy. Jomo manne, wat ons hier vertrou Kgotso, Mmoloko hulle so dis hulle wat ons hier in Huhudi vertrou.

En nou bedank ek die jeug wat hier kom luister en vir ons hierdie spel/drama kom wys, wat hartseer maak, wat die toestand van die SA Swartmense se lewe so openbaar. Die jeug se boodskap toon hoe die land.....

Die boodskap wat ek van gehou het is die ene, dat die Boere nie in staat is om enige iets te maak, as hulle nie die ene van ons gebruik wat beriggewers/verraaier is nie. Dit is hulle wat bereid is om met Boere te werk wat sake moeilik maak. Al is dit so, maar met ons geloof/vertroue ons sal wen.

Nou, broers/susters ek sal voortgaan tyd is weg, om te verduidelik hoekom ons hier vergader, kom ons staan almal op, en dink van almal wat in die moeilikheid is, wat in hierdie moeilikheid beland het, wat met al hulle lewens probeer het dat om vir vryheid te veg, die ene wat nogsteeds in moeilikheid is wat vir vryheid veg. As ons vir h oomblikkie sal staan en van hulle dink en hulle eer/respekteer en vir hulle bid (some commotion)

Nou as ons dit doen, sing ons een versie van 'n lied wat ek glo is aan almal bekend, ons sing dit een keer, en daarna saggies

LIED:

WAT HET ONS GEDOEN X2
WAT HET ONS GEDOEN X2
WAT HET ONS GEDOEN X2
H.M. H.M. H.M.
H.M. H.M. H.M.

Gebid:

Ek dink van almal wat ingeperk is, ... ons vra U beleefd, ons plaas hierdie mense voor u Here

Gee hulle krag ons smee U

Ons is vir almal van hulle jammer.... wat uit hulle plekke, ons plekke ingeperk is, ons vergeet nie die van ons wat vervolg word vir die waarheid, ... vervolg omdat hulle van ons swarkry praat gee hulle krag

Ons dink van die mense van Sharpeville Steve Biko-hulle ... die Boere

Amen

(Hierdie gebid is nie volledig nie - die klank op band is nie goed, en daar word gesing - AMANDLA)

En nou kamerade, broers en susters, ek sal baie kort wees, want my broers wat eers gepraat het en die vertoning deur die kinders.... myne is nie om vir julle te sê wat gebeur het nie, julle ken ons lewe, daar is niks nuuts wat ek julle kan sê nie omtrent broers oor wat ons hier vergader, ons het nie hier bymekaar gekom om oorlog te maak, maar ons onthou die laaste 29 jaar

Ons vind die moed en "encouragement" Hoop van julle as ons so baie van julle kom ons veg vir vryheid ... daar in Kliptown 'n klein dorpie in Johannesburg, het 3,000 verteenwoordigers bymekaar gekom (delegates) van verskeie plekke van Suid-Afrika hulle het een ding kom probeer, hulle het gekom om hulle egte klagtes kom skryf, en het die ...

(14)
29/8/8

FC

Hier, wat hier geskryf is is die waarheid, die waarheid wat die teenwoordig Suid-Afrikaanse Regering voor bang is, die mense het geskrywe hoe hulle beoog Suid-Afrika moet wees, en julle besef dit is nie 'n maklike taak nie, en dat hulle vrylik sou skrywe.... maar daar is nog mense tot vandag toe wat hierdie goed minag en sê dit is ou goed, ... en hulle sê dat hulle nuwe waarhede het.

..... Nou die oorlog/stryd waarin ons is, dit is 'n sterk oorlog/stryd maar dit is waar en dit word deur die hele wêreld gerespekteer. As ons van die Freedom Charter praat, het al die vrye lande respek voor .. en verder moet julle verstaan die stryd wat ons veg, "The struggle that we talking ... begin nie nou nie, ... of in 1961 of 1967. Dit is 332 jaar dat ons voorvaders hierin betrokke was, toe Jan van Riebeeck hierna toe met skepe van oorsee gekom het Toe sien hulle hierdie mooi land en hulle klim van hulle skepe af ... en so het hulle hierdie land begin regeer.

Ons voorvaders het julle nie gelos nie, hulle het met hulle gebaklei, en toe het die oorlog begin en voort geduur. Nou wil ek 'n voorbeeld maak, "What is the struggle" dit is 'n oorlog wat soos 'n reisis lyk. Jy weet as jy op skool is, daar is 'n reisis wat ... wat enkele persone hardloop ... is 'n reisis waarin 'n span deelneem, 'n span van mense wat kan mekaar help, julle weet hier in die skole as hulle vir kompetisies gaan is daar verskeie items. Sekere hardloop 'n myl, andere 3 myle dan is hy alleen. Daar is die ene bekend as 'n aflos....

20
5/10/8
↓

Hier word vyf of vier mense gekies, dan word hulle gesê om te hardloop, die eerste neem die aflosstok en hardloop, en as hy moeg is, dan neem die tweede ene die aflosstok en hardloop ook, dan neem die derde ene oor tot die laaste een. En as die laaste ene voor almal kom, dan het hy nie vir homself gewen nie, hy wen vir die hele span. Nelson Mandela hulle het die aflosstok, hulle het die aflosstok die hele tyd soos julle my verduideliking gehoor het, hulle hardloop nog steeds, hulle hardloop nie vir hulself om hulle name bekend te maak nie, of beroemd te maak nie, hulle hardloop vir ons almal

10
19
20/8/87

AMANDLA (Iemand)
NGAWETHU (gehoor)

As Nelson Mandela die eindpunt bereik ons weet almal dat hy veg nie vir homself nie maar vir almal, en derhalwe moet ons onself eendrag maak, en weet dat hy namens almal van ons hardloop.

En moet weet dat elke een wat gearresteer is, hardloop nie vir eie self nie. Dit is hoekom ons sê almal moet onder hierdie waarhede kom, van die Freedom Charter. Hulle moet onder hierdie sambreel kom van die UDF want ons hardloop nie vir onself nie, ons hardloop nie namens onself nie. Ons wil nie 'n persoon wat hardloop en sê dit is net hy alleen. Ons moet almal een wees, eendrag want as ons een is is ons sterk een wees ...

AMANDLA (Gehoor)
NGAWETHU (gehoor)

UDF is hier om te verenig, UDF is daar sodat almal van ons wat Vryheid lief het. Wit of Swart wat vryheid lief het, dit is die eerste ding, soos die bybel sê, hy het gesê, wat vir my wil volg kom na vore Jesus het nie gesê volg My omdat Ek die Here se Seun is nie, Hy wou nie mense moet hom volg wat gedink word mislei nie.

Ek wou nie van mense wat hardloop, wat jag julle so, asof julle Kaizer Chiefs is, toe het hy 'n sif gesit, toe sif hy en sê wat deurkom gaan soontoe, hulle moet weet hier is klein mielies Dit is nie almal wat daar deurkom nie, nou u as 'n Swart persoon moenie aanvaar/aanneem dat ons wit mense wil hê....

Dit is die rede hoekom ons sê die dag ons wen wil ons hê, die volk moet wees 'n vrye nasie, waar al die mense gelyk sal wees, 'n nasie waar die mense nie vir mekaar bang sal wees nie, waar ons almal voor die troon gelyk sal wees. Dit sal wees 'n verenigde gelyke nasie waar elke ene sy talent kan uitoefen, ten slotte wil ek sê vroeers hierdie goed sal plaasvind, alleenlik as ek en jy saamstaan, en ons is eendrag, en ons

(20)
27/1/87
↓
(19)
20/1/87

hou mekaar se hande vas... nie as ons leiers sê ons gaan soontoe, daar moenie twyfel wees of ons na die Boere luister as hulle sê dat of dit, word julle een ding, ons ook daardie kant sal wees een ding, en ons steun die "Release Mandela Campaign". Ons

PW Botha het 'n false verklaring gemaak, toe hy verduidelik het oor veranderings wat reeds plaasgevind het in Suid-Afrika, daar gaan wees 'n nuwe grondwet "A new dispensation" toe het hy die wêreld probeer bedrieg, en terwyl hy daar gedraai en gedraai het, het toe is hy gevra, kyk hier Botha het u gehoor dat daar 'n beroep gemaak word "There is a Campaign" vir die vrylating van Mandela, en al die ander gevangenisse wat vir vryheid veg?

En wat is u Regering se antwoord in hierdie verband, en PW Botha en heen en weer gekyk, en sê ja ek het gehoor van die beroep maar my regering "is going to ignore that call" ons antwoord is dat as u mnr PW Botha, as u nie op hierdie beroep reageer nie "you are going to ignore the call" moet goed weet dat "you are doing it at your own peril". Want u mnr Botha het 'n swak geheue, u vergeet gou.

Tien jaar gelede het Suid-Afrikaanse Regering, het aan Smith se regering daar in Rhodesië gesê, Smith laat vir Nkomi vry, laat vir Mugabe vry en praat met hierdie manne, Smith het gedraai en gedraai, en Smith sê toe ek het gedink Pretoria is my vriende, en toe sê hy ja ons is vriende maar, die vuur is hier, die vlam kom (onhoorbaar) keer hier keer die vlam, julle sal nie die vlam kan keer as julle nie sit en gesels met die Swartmense se leiers nie.

Toe sê Smith nou hoe maak ons, waar hou ons die konferensie, toe is dit gesê nouja ek sal 'n trein beskikbaar maak, 'n groot trein hier. En gou-gou het die trein vertrek en hy is soontoe ... Zambia en toe het die manne in die rytuie in Zambia ontmoet, en toe het hulle begin praat.

Nou die "Release Mandela Campaign" is op daardie basis gestig, julle Boere weet goed wat om te doen om sake hier reg te stel. Julle moenie dit laat nie iets wat julle goed weet, julle het vir Smith raad gegee om

(19)
20/8/87

wat te doen, nou om watter rede doen julle nie so nie, julle het vir Smith 'n ander persoon aangemoedig hoekom doen julle nie so nie. Gebruik dieselfde gedagte, What is good for a goose is good for a gander. Dit is dieselfde SA Angola en Zimbabwië. Nou daar gaan hier geen vrede wees broers sonder dat en tot dat Nelson Mandela vrygelaat word, en al die ander gevangenes. Totdat hierdie manne en vrouens terugkeer het van Botswana en Lesotho om te sê hoe hulle voel, en sê hoe 'n grondwet hulle verlang, hoeke regering. Tot daardie tyd gaan daar geen vrede hier wees nie, PW Botha kan hardloop na Nkomati na Swaziland hy kan na Botswana hardloop, hy kan orals gaan, hy sal niks bereik as hy nie vir Nelson Mandela vrylaat, speel hy. Dit is die rede hoekom PW Botha hardloop en vlieg om hierdie vrot ding die apartheid verkoop..... Hy gaan verkoop hierdie stink goed daar

AMANDLA (gehoor)

NGAWETHY (gehoor)

Nelson Mandela gaan kom, maak nie saak hoe nie, ons wie se broers ons is, glo dat hy sal kom.

Toe die Boere moeilikheid met ANC kry was dit nie ons skuld nie, hulle weet hoekom. Ons is nie ANC of kommuniste nie, en ook ons het nie met ANC enige moeilikheid nie. Ons ken nie kommunisme wat ons wel ken is apartheid, in kort (kortliks) Nelson Mandela behoort vrygelaat te word.

Ek hoor hier in my ore, I hear some footsteps ek hoor in hierdie ore, dat daar 'n geluid is, dat die dag kom, dat op hierdie dag wat kom die deure van die Robbin Eiland en Pollsmoor gevangenis oopgemaak sal word, en daardie hekke van die grensposte daar

AMANDLA (gehoor)

NGAWETHU (gehoor)

Ja, ek hoor die geluid van Nelson MANDELA se voetstappe, hy sal daar uitkom en as hy uitkom, die seuns sal hom vrylaat en, as hy daar uitkom sal hy geskiedenis praat alleen. Dit is asof ek hom sien stap hierdie

19
20/8/87

✓
20

21/8/87

President, julle weet hierdie is nie 'n droom nie (handeklap en geskree) en ons weet dat "Victory is certain" en ek sê hierdie is geen droom nie want "God is on our side, time is on our side, the truth is on our side (gehoor ja - ye) The numbers are on our side, and all the resources are on our side (gehoor skree)

AMANDLA (gehoor)

NGAWETHU (gehoor)

(Gehoor skree Aubrey - Aubrey ± 20X)

HOFFMAN GALENG:

Ek wil comrade Aubrey bedank, en as ek nie fout maak nie dink ek hy het 'n onderwysdiploma. Maar hy het 'n verkeerde professie geneem, hy moes skool toe gegaan het om 'n predikant te word ... (gehoor lag)

Jy weet, toe hy hier bid ek was kerk toe van more ek praat die waarheid, die minute wat ek daar gesit het, is asof ek hier deurgebring het. Die twee ure wat ek hier sit is ver beter.

Kyk luister, kyk luister ek wil hê as kresmes 16 dae is of anders ... Ek wil nie so praat nie, miskien maak ek 'n fout ... ek het net bedoel, dat ek gehoor, en verder is daar 'n oproep aan die kerke wat deur die wêreldpresident, dit wil sê van al die wêreld se kerke Dr Boesak, hy vra dat op die 28ste van Augustus die kerke vra om hierdie onregverdige regering mense sal uitlos.....

Dit is 'n oproep wat gemaak is, nie vandag nie deur homself ... dit te ondersteun. Laat ons, ons s'n gaan vra, het ons al predikante gedien, ek glo nie daar is een wat dit sal doen nie. Ek gaan nêrens nie ek het kameraad Aubrey gehoor, hy sê die boeke lieg, wil hulle of nie vryheid gaan ons sien, en hier trap (gehoor lag)

Al kan hulle sê so en so hulle ... en sê die ANC daar is 'n persoon dan weet ons hulle lieg, ek laat dit daar kameraad ons sê dankie.

Ek sal kortliks kameraad Jomo roep om 'n paar boodskappe te maak in 'n kort tyd, ek vra dat hy dit gou doen want baie van ons het nog nooit kameraad Terror gehoor praat nie. Ek is ook dankbaar dat hy hierheen gekom het vandag, die laaste tyd en nou nog.

PW Botha huil dag en nag dat hy sy mond wil toe maak, nou voor hulle dit doen wat ons weet hulle gaan doen, laat ons hom hoor praat, laat ons hoor hoe praat die man....

As hulle hom in die huis inperk en sê hy moenie gesien word nie moet ons weet vloek hy? Of sê hy daardie mense moet met petrol aan die brand gestee word? Ek wil hê jy moet met jou eie ore hoor, ek praat die hele waarheid.

Botha en Le Grange sê as hulle in die UDF ingaan gaan hulle dit klaarmaak, ek wil vra waar kom hulle? Ek is dankbaar wat dit wat hy vir ons gaan sê sou hulle nie toegemaak het nie.

Maar dit wat hy gesê het sal bly werk (skare lag)

Lied word gesing (onhoorbaar)

Jomo KHASU:

Eh, dankie daar is 'n verduideliking wat ek wil bring (inaudible) Dit maak 'n persoon somer hartseer, van môre af gaan die huurgeld op (inaudible) Ons het gevra dat ons soos ons ooreengekom het betaal..... Gemeenskapsraad die ore van die administrasie en die ore van Pretoria. Maar ... (inaudible) (inaudible) Maar ek sê wat nie die huurgeld kan bekostig, en sê waar ek is een van hulle, hulle moenie skrik nie, jy word nie gedwing om te betaal nie, (inaudible) volgens hulle moet ons na Pudumong gaan.... (gehoor lag)

Nou as ons nie Pudumong toe gaan ... dan betaal ons nie want daar is nie huise nie, hulle laat ons nie toe om huise te hê nie, ... die van julle soos ek wat nie in staat is om te betaal moenie gedwing word om te

betaal nie ... ons sal daarop ingaan as ons tyd kry ... van môre tot Woensdag sal ons ... dankie

(Gehoor klap hande)

Hoffman GALENG:

Ek wil net sê omtrent die wat kameraad praat, betaal julle huurgeld wat ons gewoonweg betaal, as hy dit weier gaan met jou geld terug, dit hang af van hoeveel jy kan bekostig, moet mooi luister ek sê nie as jy in staat is jy moenie betaal nie, soos hy sê julle moenie net sit nie, ek is nie in staat nie ek sal nie kan betaal.

As daar mense soos ek en hy is daar niemand wat jou met 'n geweer sal dwing nie, niemand sal jou geld uit jou sak vat nie dit is joune.

Hierdie mense bêre die geld dan word dit deur die Witmense gevat. As hulle jou geld uit die sak vat hoekom gaan jy nie by die polisiestatie rapporteer. Dit is mos diefstal man, hy steel jou geld uit jou sak.

Ek wil he as kameraad Terror praat moet hy op sy gemak wees, sodat ons hoor wat hy sê ...

(onhoorbaar vir twee minute)

AMANDLA (iemand)

NGAWETHU (gehoor)

Lied:

Hy is ons vader

Hy is ons vader X60

(Hande word geklap en dit word deur vrouens geululeer.)

Ek groet almal, dit is belangrike groete, ek sal julle daarop wys dat vandag die laatmiddag is, die son gaan onder vir die Boere, môre is dit

die volk se dag, dit is ons dag, die van die volk, dit sal vir ons opkom, dit is al laat middag... want vandag die stryd/oorlog van vryheid wat ons met Boere veg vandag ons ontmoet het, het vandag die derde stap bereik, dit het gekom waar ons vandag met lewe en bloed betaal.

No 19

20/8/81

Toe ons in Kaapstad kom het ons die kleure swart en geel gekies wat op ons rykdom wys, dat hierdie goud on s'n is, die goud is die mooiste in die hele wêreld, ons se geel is vir die goud.

Onder andere moet daar 'n swart kleur gekies word, want die meerderheid van die mense is Swart, en derhalwe moet die kleur daar wees want Afrika is 'n Swart kontinent. Maar 'n derde kleur moet gekies word, 'n rooi kleur, 'n kleur wat staan nie vir kommunisme ... 'n kleur wat staan vir die bloed van ons mense, wat toe hulle ontmoet het vergiet is, dit wys die rooi kleur is die bloed van ons mense, dit is die prys van vryheid ... met bloed...

Vandat die stryd/oorlog begin het, dit het begin in 1400 tot in 1906 ons mense het skuldvelle en assegaaië gehad maar in 1906 toe sê hulle nee, wag 'n bietjie, kom ons kyk, want die mense teen wie ons baklei het skerp wapens. As ons vir hulle met die assegaaië wil steek dan skiet hulle ons met gewere.

En tweedens, het ons mense gesê daar kry jy Sothos, daar kry jy Zoeloes, daar kry jy Xosas dit wil sê ons is nie een nie. Toe sê hulle daar is baie foute.....

.....
Hierdie mense is deur die boere aangedryf en vir hulle in die Transkei toegesluit, die Basuthu wat hier in die Vrystaat was, het hulle tot bo op die berge aangedryf, daar in Lesotho. Die Zoeloes het hulle tot daar op Ulundi aangedryf.... waar daar geen gras is nie, geen mielies.... toe vat hulle die vet plekke soos daar in die Transvaal in Johannesburg.... ek het 'n vraag wat ek wil vra, om daarop iets belangrik uit te wys, as dit 'n oorlog was, was dit nie net 'n oorlog nie want hierdie mense het julle van die land ontnem..... toe jaag hulle vir ons na waar daar niks is nie. Waar daar geen weiding is vir beeste nie, hulle het so

gedoen wetend dat jy moet terug kom na waar jy weet kos beskikbaar is, en as jy kom sê hulle dis reg, ons sal jou 'n halwe brood gee as jy hier sal vee, as jy die vloer sal poleer, of as jy daar sal ploeg, of as jy onder in die myn sal gaan die goud gaan uitkry en na my bring. En hierdie manier het ons mense werkers geword, werkers is mense wat alleenlik leef van die verkoop van hulle arbeid, wat niks het nie, toe ons voorvaders gesê het MAYIBUYE hulle het bedoel die land moet terugkom

MAYIBUYE I AFRIKA!

I AFRIKA - gehoor

Hulle het gesê dit moet vir Swart mense terugkom. As die land terugkom, waar sal jy jou huis bou, waar sal jy plant, wat sal jou kinders eet, waar sal jy vir hulle 'n skool bou, ons hoor Lucas MANGOPE hulle, GATSHA en MOPEDI hulle en so aan, die land is nog nie terug nie, die boere is 13% van die land is aan ons gedeel en hulle het 87% dit wil sê die hele land behoort aan hulle... die klagte van ons voorvaders toe hulle gesê het MAYIBUE dit wil sê die land moet terugkom, die huurgeld verwurg ons, mooi luister, die kinders sal sonder skole bly omdat geld vir boeke kort is, hulle word vuurwapens geskiet.... That is a problem wat ons het, hulle wil hê julle moet terugkom om te kom werk. Die kinders moet terugkom om te kom werk en dan betaal hulle min geld, ... one thing, ons wat werkers is, hierdie kinders sê ... jy wil werk hê om more huurgeld te kan betaal, en brood koop more, en dan is die geld klaar sodat jy moet terugkom moet nooit probeer om hom geld te betaal.... ons arbeid verkoop ons aan hulle, dit kan nie verkoop word ... hulle koop arbeid vir een week ... arbeid vir R1 000.00 maar as die week eindig kry jy R50-00 dan vat hy nege honderd en vyftig rand vir homself ... van hulle mense ... onse slaafheid het hulle gesien ... dan kyk hulle daar Molema hulle en Mokgoshoa-hulle kyk hulle het gesê kom ons gaan Bloemfontein toe, daar bymekaar kom en gesels. South African National Native Congress wat 'n organisasie is wat mense sou verenig, Basotho, Tswana, Zoeloe en Xhosa om te sien of ons mense nie die vyand anders sal sien (nuuts) ons verenig julle nou ... die kongres het so met sy kampanje aangegaan.

Tot in 1945 toe die tweede wêreldoorlog begin, waar baie van die wêreld se nasies baklei het, hulle het met Hitler begin.....

Hitler het met die Jode wat onder was baklei... die Jode paste vandag is die oorlog klaar, hulle dryf nou aan wat Hitler gedoen het.... Vandag die boere, hierdie Vorster, hierdie PW Botha wat vir Hitler ondersteun het, toe hy met Jode baklei het, het die Boere ondersteun, vandag is die oorlog klaar, hulle dryf aan dieselfde goed wat In Oktober 1982 by die vergadering van al die wêreld is die Boere weggejaag, hulle het gesê daardie is 'n organisasie van "Tsotsies".... die bybel sê ook so, die Wêreldraad van Kerke weet dat apartheid onwenslik is, (gehoor lag) as ons vandag se apartheid is onwenslik ons praat nie net nie, die hele wêreld praat daarvan, die kerke Verenigde Volke

Dat apartheid glad nie wenslik is nie, ek wil wys dat in 45 toe die wêreld oorlog eindig, ons mense het bymekaar gekom ... African claims.... African claims te Bloemfontein daar was 'n baie belangrike konferensie.

Ons mense is strokies gegee wat toon dat hulle ook baklei het in die Tweede Oorlog.

Toe het hulle Afrika State gevra, dat hulle ook in die regering kom want hulle het ook baklei, in 1945, in 1948 het die Boere het die krag van Bantoe Onderwys gekom. In 1955 toe die mense van Suid-Afrika te Kliptown bymekaar kom, ons wil nie meer die Regering hê waarvan ons gepraat het nie, ons wil 'n nuwe regering hê, 'n Verenigde Regering, waarin die mense sal regeer, nou wie sê, ek vra 'n belangrike vraag wie sal regeer want die Freedom Charter sê die mense sal regeer, wie is die mense is Mangope die mense?

Nee! Nee! (gehoor)

Sal Mangope regeer?

Nee! Nee! (gehoor)

Wie is die mense? (gehoor)

Sal PW Botha more regeer?

Nee! (gehoor

Is hulle mense, of honde, ons is die mense, die mense sal regeer. Kom ons antwoord hierdie boodskap met een woord. Matanzima, Mangope en die gemeenskapsraad van onnosele mense is hulle die mense. Vandag is die eerste punt wie is die mense, van mense praat ons nie van kleur nie, vroeër het ek gesê die mense Wit mense, Indiërs en Kleurlinge, as ons een wees het ons Suid-Afrika gebou, vandag.

As jy dit kyk, jy sien die geboue wat staan, die mense saam het gemaak dat die land so wees soos jy dit vandag sien. Kom ons vra weer, wie is die mense wat more sal regeer.

Wie sal more regeer? Die mense wie ons van praat, maak nie saak wat hulle kleur is nie. Almal in hierdie land is mense, al is hulle groepe, almal wat vandag staan teen apartheid, of wat ons help om apartheid dood te maak.

20
14/9/87

Op die ene wat nie in daardie deel van lewe deelneem nie, hulle is die mense as ons h regering stig, hulle is die mense wat môre sal sê dit is ons regering, dit is die mense.

Wat teen die regering baklei, veg met apartheid, wat teen ons is, is bereid om vir apartheid dood te gaan soos Mangope is die vyande van die mense, die vyande van die mense sal ons nie van kleur sien nie, u sal nie vir hulle kan skei nie, van hulle woon in mooi huise, en ry mooi karre soos Mangope, hulle is die groot vyande van Suid-Afrika ...(gehoor lag)

19

20/8/87

20

17/10/87

PW Botha hy is h groot Tsotsie (gehoor lag)

20 6/10/87

Ons vra nie om die boere se regering oor te neem nie. Ons wil net, h Consti... Ons wil hê hierdie regering moet verdwyn ons wil h regering van mense. Hierdie Tsotsies moet saamgebring word en gevra wat is dit wat julle met die mense doen.

AMANDLA (ene)

NGAWETHU (gehoor)

Ek praat nie stories nie, môre sal ek jou sê hoekom hulle vir jou so min betaal, hoekom hulle ons UDF-onderwysers weg jaag wat van apartheid leer, as mense praat van die Regering dan word hulle tronk toe gestuur, en gooi hulle met traangas.

Die hele wêreld weet van SA. Hulle weet apartheid is Mense is gedood van hulle het gevlug van hulle land. Anders as in die tronk. Anders is in die myne, hulle werk vir min geld. As hy R60 verdien, betaal hy R40 huishuur, van hulle, het drie kinders, of vier wat sal jy weet?

Ek onthou in 1960 tot 1961 toe hulle ons kongres gestop het. Daar was mense soos predikante en prokureurs wat gestuur was om saam met die boere te gaan praat. Om hulle te gaan vra om ons vry te laat. Die Boere het geweier, Luthuli het gevra in 1952, hy het gevra aan watter van sy versoeke het hulle ag gegee, hy is nie 'n persoon wat soos kaptein Mangope wil geneem word nie. Sy mense se hy is 'n Chief (kaptein).

Sy mense sê hy is ons hoofman ons kaptein, as die Boere nie vir hom wil hê nie ons soek hom, hy is ons hoofman. Maar die boere het hom verwyder en vir Gatsha ingesit omdat hy met hulle saamstem. Hy is 'n egte hoofman, Mandela sê ook hy is moeg sy knie gee in, hy sê die boere het hom gewen.

In 1961 het hy gesê mense moet luister want hierdie is belangrik, ek sien hulle sal dit weier, mense moet kyk miskien sal ons doodgaan op ons knieë met ons oë toe want die Boere sê ons maak hulle klaar, ons baklei

AMANDLA (ene)

NGAWETHU (gehoor)

En so het hulle die spies van die Volk gestig, Mandela het gesê dit is die assegaai van die wêreld, hy het gesê ons voorvaders het met

20
14/9/87
23/9/10

assegaai baklei, en hy sê hierdie assegaai gaan ons noem, die assegaai van die volk, want hierdie spies het ons voorvaders met boere mee baklei. Ons wil die boere herinner dat die oorlog wat sal baklei is nie nuut nie, dit is daardie wat van onder begin.

Dit is hoekom ons Desember 16 kies as die groot dag van die Spies van die Volk, wanneer dit by die Volk sal verskyn

AMANDLA (ene)

NGAWETHU (gehoor)

Op hierdie dag onthou is in 1838 toe die Boere bloed van baie mense vergiet het in Bloedrivier asof dit Faro se oorlog was. Die rivier was vol bloed en toe sê die mense die oorlog is nie klaar nie.

Hierdie oorlog moet van nuut begin, en toe het die derde deel van die wêreld ingekom.

Vandag stuur die boere hulle kinders universiteit toe, hulle haal ons mense uit die werk uit.

Maar Mandela hulle het hulle vrouens verlaat en is tronk toe. Hulle vrouens is nou weduwees en baie ander manne het kinders as weeskinders verlaat. Maar

Ons van die UDF praat van iets belangrik ons sê apartheid is nog nie klaar nie. Want die nuwe grondwet sê Indiërs en Kleurlinge word in parlement gesit, wat is dit, hierdie wet maak hulle sodat môre hulle Indiërs en Kleurlinge kinders wapens moet dra.

Hulle sal Kleurlinge wapens gee en sê hulle moet voor loop, met Indiërs, en hulle sal agter kom, dit is hoekom ons altyd in die nuus hoor meer as 55 Swartmense is dood of beseer teenoor een boer.

Vandag verkoop hulle huise aan mense, en as hulle gekoop word koop hulle met daardie geld kos en klere vir die soldate en wapens. En dan lieg

(2)
14/9/1
2/1

(20)
5/10/81

hulle vir die mense en sê daar is veranderings. Ons sê niks het verander tot hulle wegdoen met apartheid en Bantoe onderwys en 'n Departement van Onderwys inbring.

Nou het hulle hul kinders uit die universiteite uit gevat en stuur hulle oorlog toe, hulle het bestuurders uit fabriek uitgehaal, hulle is uit oorlog toe. Hulle kies mense wat nie die werk kan behartig soos Matlhabate in plaas daarvan om Swartmense daar in te sit.

Die rede hoekom hulle nie 'n Swartman vat wat 'n BA Graad het is omdat hulle sê die Swartman se BA-graad is soos Second Grade Equal to Zero.

Omdat môre hul sal gebruik en vir hulle min betaal.

Ons weet almal dat mynwerkers in die diens is van Anglo American, hierdie myne het miljoene van mense, wat hoor is huise voor gebou, maar hulle praat van alleenlik 20 huise.

Hulle loop daar in PE en neem foto's van moderne huise en hulle stuur hierdie foto's na ander lande en sê kyk hoe het ons vir ons werkers gebou, maar dan praat hulle van 20 huise, terwyl daar miljoene werkers is.

Waar woon die miljoene, in die kampongs en hostelle, waar is hulle kinders, hulle is daar in die veld hulle het geen skole, geen toiletgeriewe, geen seep en geen slaapplek.

+That is the reality of the situation." In 1966 toe Botha Mandela hulle tronk toe stuur, en die ander, het hy gesê die boom van terrorisme is met sy wortels en alles uitgehaal, dit is dood. Toe het hy iets belangrik vergeet, die boom van die vryheidstryd is nie tamatie nie, dit is nie appels nie, dit is soos 'n sturksveiboom, waar jy dit weggooi groei daar 'n nuwe plant.

AMANDLA (ene)

NGAWETHU (gehoor)

(20)
5/10/85

Ons is vandag hier, en die saad van die vryheid groei in ons in. Ons wag net vir reën en sommer dan sien u hoe groei die saad. Die boom van vryheid kan jy nie kry nie, wat dit is van bloed gemaak en bloed is sterk. We are saying, we have paid the price.

Die geld wat ons betaal is die prys van vryheid, ons het nou meer betaal as wat ons nog verskuldig is, ons het al 90% betaal dit is nie ver om 100% te maak nie, as ons 100% betaal het sal ons hulle wen.

~~Die Boere - ons maak hulle dood
THAMBO het gesê ons maak Boere dood
Droë reën, ons maak die Boere dood
TAMBO het gesê ons maak Boere dood
Droë reën, ons maak die boere dood
THAMBO het gesê ons maak Boere dood~~

*Struggle says Tambo
44
Struggle says Tambo
Yes Yes
On the field of Angol
Yes. Yes.*

(lied deur spreker begin) } No 20
Outhwa
14/9/87.

Ons lees in die koerante dat daar 'n belangrike organisasie die UDF wat met apartheid veg, ons is van voornemens om mense mooi te laat verstaan, ons het tans organisasies gestig komitees soos Huhudi Civic Association, hostel komitees, Rent Committees. (20) 1/10/87

Wat nie altyd in die koerante verskyn nie, hulle is die belangrikste die mag van Nelson Mandela, die mag van ons leiers, is die mag wat hulle van ons af kry. Dit is die mag wat hulle in die gevangenis sterk maak.

Ek sal julle môre vra, as ek die president mej/mev Sisulu roep of mnr Gumede om Huhudi te kom sien, baie mense wat nie hier is vandag moet Huhudi Civic versterk, die jeug organisasie versterk, die General Allied Workers Union versterk. Al die mense moet kom om hulle organisasies sterk te maak.

Ons soek nie mense wat boere pla nie, want as u vir hulle van hierdie organisasies sê dan sê hulle, hulle wil nie politiek hê nie. Mense wat so praat, hulle loop met die boere, hulle pla die boere. Die boere is

nie sterk as ons nie daar is nie, hulle weet ons krag is die van 'n perd. Ja dit is sterk en ook kan jy die hele dag ry en in die nag sê hy hy dink nie hy slaap.

Ons is van voornemens om ons mense te help, en hulle sê van hierdie goed, as ons een is sal die boere vir ons niks maak nie, ons moet ouers organiseer, kinders, die skole, die jeug en mense wat werkloos is, organiseer elke een. We must organise.

AMANDLA (Lekota)

NGAWETHU (gehoor)

Hoffman GALENG:

OK OK OK Alright, alright, alright. Nee kameraad ons het gehoor, dan sal ons nie meer hoor kameraad ons bedank u baie, die boere sê hulle het twee terroriste gestuur om ons te kom bang maak, hulle is hier tussen ons soos ek nou praat, dan skrik julle ook want julle is bang... Ek sê die tyd sal kom, die twee mense wat hier gesit is het gehoor dat die pillare van UDF gepraat het. Jy sal sien as die laaste dag opdaag, en Botha terwyl hy so sit, en sien dat hy kruip soos Nebukadneser. Hy sal gras vreet soos 'n bees (gehoor lag)

Die dag sal kom, die mense wat hy tussen ons insit om bang te maak neem ons hulle net as bangmaakgoed dis al in werklikheid is on vryheid ons praat net en sê hierdie ding het geen hand nie.

Ek het daarop gewys hoe ons nie vir die gemeenskapsraad omgee nie, ons sien dat hulle die meeste tyd hulle soos katte in die nag rondloop.

19 Julle weet almal dat die bestaan van HUCA het gekom as gevolg van die verskuiwing en die opgaan van huurgeld, die UDF kan ons ook help, mense Botha maak 'n groot geraas soos 'n maer hond. Julle lees in die koerante dat UDF kom uit die ANC ons het geen verband met die ANC ons weet niks van politiek nie wat ons nie wil hê is die apartheid wat ons met ons oë sien. Ek dank die HUCA namens die gemeenskap van Huhudi, die Huhudi

Civic Association en die here van UDF aan die here van die Release Mandela Komitee dat hulle boodskap wat hulle gebring het, op bome geval het wat groen sal word.

Ons is ook bly dat kameraad Terror sê dat hy vir ons die president Gumede of die ouvrou vir ons sal bring. Ons sal haar met ons oë sien.

Al kan sy niks praat nie. Ek dank die mense van Kuruman, en almal van julle en hulle wat julle gestuur het dat hulle die boodskap sal soontoe neem en dit met water volmaak.

Ons het kameraad Terror gehoor praat hy vloek niemand en hy het niemand met die vinger gewys nie. Hy het gepraat terwyl almal hoor en luister. Nou op die 28ste gaan ons 'n groot vergadering hou van die UDF te Kimberley. Nou hier is die punt die vader van die UDF sal daar wees.

Ons nooi almal, van hier af sal daar vier busse gaan, gan Ganyetsa twee, Kuruman vier en Taung drie, hier by ons is nog nie vol nie, ons nooi julle almal om na die boodskap volledig te luister om ook self te sien.

Kom sien julle self vir die groot predikant Boesak, hy is gekies tussen al die predikante om al die kerke in die wêreld te beheer. Toe hy in die lande ingaan was hulle skaam gewees om hande te skud. Ons het gehoor, ons weet. Hulle is skaam toe hulle hoor hy sê hulle verkoop die Grondwet

(Band nie duidelik hier)

Hier is ons se belangrike boodskap, wat ek vir julle wil sê is onse vergadering van Donderdag, die skrikmakers moet ook soortgelyk gaan verslag doen, ek wil met die boodskap van Comrade Terror verhaal ek vra samewerking. Ons gaan sluit met 'n gebed.

Ek sal so doen ek roep mnr Maphage om vir ons te bid, kortliks daarna sing ons die volkslied met respek ten volle tot dit eindig

.....

(gebed is nie duidelik nie)

(20)
5/11/87